Netbalbeleid 2020

DOKUMENT ONTWIKKELING EN GOEDKEURING

Verant-woordelik	Detail	Naam	Handtekening	Datum
Outeur	Netbalorganiseerder	Hanlie Putter		05-09-2018
Goedgekeur	Sporthoof	Marléne Nel		10-09-2018
Goedgekeur	Voorsitter: Beheerliggaam	Dawid Durie		04-02-2020
Goedgekeur	Beheerliggaamslid	Lindy Lake-Roode		
Gepubliseer	In beleidslêer	Marléne Nel		
	Op webwerf	Marléne Nel		18-02-2020
	Gekommunikeer	Marléne Nel		10-02-2020

DOKUMENT GESKIEDENIS

Weergawe	Datum	Beskrywing
1	2020	Hierdie beleid is van toepassing op die 2020 akademiese jaar en kan gedeeltelik of as geheel oorgedra word na die 2021 akademiese jaar. Wysigings en aanpassings kan jaarliks gemaak word soos die behoefte ontstaan

INHOUDSOPGAWE

1. NETBAL 2020....4
1.1 BESTUURSTRUKTUUR....4
1.2 HOOFDOELWIT....4
1.3 AFFILIASIE....5
1.4 AFRIGTERS EN BUITE-AFRIGTERS....5
1.5 PROEWE....6
1.6 SPANKEUSES....6
1.7 OUDERDOMSVERTEENWOORDIGING....7
1.8 OUERBETROKKENHEID EN GEDRAG....7
1.9 BORGE....7
1.10 OEFENING....8
1.11 WEDSTRYDE....8
1.12 KENNISGEWINGS....9
1.13 SPORTDRAG, TOERUSTING EN FASILITIETE....9
1.14 NOODHULP....9
1.15 TOERE, KLINIEKE, KAMPE EN/OF UITSTAPPIES....10
1.16 KLAGTES EN PROSEDURES....10
1.17 VERVOER EN VEILIGHEID....10
1.18 DISSIPLINE....10
1.19 TAKE, PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE....11
1.19.1 Organiseerder....11
1.19.2 Skeidsregters....11
1.19.3 Busdiens....11
1.20 MINI-NETBAL....11
1.21 AFSLUITINGSFUNKSIE....12
1.22 SPORT MERIETEFUNKSIE....12
1.22.1 Algehele beste netbalspeelster....12

1. NETBAL 2020

1.1 BESTUURSTRUKTUUR

Laerskool Louis Leipoldt se netbalstruktuur resorteer onder die algemene besluit van die skoolhoof, adjunkhoof, sporthoof, organiseerder en afrigters en staan bekend as die sportkomitee. Hierdie persone is self betrokke by die bestuur en/of afrigting van die verskillende sportaktiwiteite.

Skematiese voorstelling van die netbal hiërargie:

BEHEERLIGGAAM: SPORT
SKOOLHOOF
ADJUNKHOOF
SPORTHOOF
ORGANISEERDER
AFRIGTERS
SPELERS

1.2 HOOFDOELWIT

In samewerking met akademiese- en kulturele ontwikkeling moet netbal daartoe bydra dat die speler as volwaardige mens ontwikkel op emosionele-, fisiese- en intellektuele gebied. Dit lei tot die ontwikkeling van lewensvaardighede soos kommunikasie, leierskapontwikkeling, krisisbestuur, algemene dissipline, verantwoordelikheid en goeie menseverhoudinge. Netbal ontwikkel spelers tot gebalanseerde deelnemers in die samelewing en dien as voorbereiding tot die hoërskool- en volwasse lewe.

Liefde vir die sport moet gekweek word. Elke speler moet die geleentheid gebied word om aan netbalaktiwiteite deel te neem. Hierdie spelers moet ingeskrewe leerders by Laerskool Louis Leipoldt wees.

Elke speler moet kwalifiseer (aan ’n proewe deelneem) om aan netbal deel te neem en daar sal gepoog word om elke speler op hul eie unieke vlak te benader.
Daar moet sover moontlik toegesien word dat afrigters die beleid en regulasies vir netbal nakom.

Ouers moet bewus wees van verwagtinge aangaande hul optredes, as Louis Leipoldt ouers, in alle aspekte rondom die sport.

Afrigters en hulp-afrigters moet ondersteun word om binne netbal se beleidsrigting, onderhewig aan die algemene sportbeleid, die spelers te ontwikkel, asook om binne spanverband (spelers ingesluit), onder die vaandel van Laerskool Louis Leipoldt, as trotse Leipies deel te neem.

1.3 AFFILIASIE

Affiliasiegeld word deur die skool betaal soos bepaal deur die unie. Dit moet voor die aanvang van die seisoen betaal word.

1.4 AFRIGTERS EN BUITE-AFRIGTERS

Afrigters by Laerskool Louis Leipoldt is die onderwysers wat by Louis Leipoldt skoolhou. Wanneer verwys word na "afrigter" in hierdie beleidsdokument, word daar verwys na onderwysers wat die afrigting behartig. Hierdie afrigters is uitsluitlik verantwoordelik vir die logistiek en afrigting in die spesifieke sportsoort en ouderdomsgroep waaroor sy aangestel is. Afrigters word deur die organiseerder in samewerking met die sporthoof, skoolhoof en adjunkhoof aangewys. Elke span moet ten minste een afrigter hê.

Daar moet gepoog word dat afrigters ten alle tye gekwalifiseerd is en die nodige kursusse bywoon soos aangebied deur kundiges. 'n Afrigter sal na die nodige oefenkampe en kursusse gestuur word indien sy oor die vaardighede beskik.

Geen sport mag beoefen word sonder die toesig van die betrokke afrigter nie. Daar word van 'n afrigter verwag om teenwoordig te wees as sy span betrokke is in wedstryde. Spelers se veiligheid moet onder alle omstandighede prioriteit geniet.

Buite-afrigters (of ook genoem hulp-afrigters) is enige ander persoon wat help met afrigting by die skool. Buite-afrigters word slegs gebruik indien daar 'n behoefte ontstaan vir addisionele hulp en word deur die afrigters geïdentifiseer. Die aanstelling van 'n buite-afrigter moet aan die sportbestuur voorgelê word vir goedkeuring en mag nie 'n hoofafrigter van enige A-span wees nie. Indien daar bevind word dat so 'n buite-afrigter nie gekwalifiseerd is binne die riglyne vir buite-afrigters nie, kan so 'n aanstelling geweier word. Buite-afrigters moet aan die afrigter van die betrokke span en/of ouderdomsgroep rapporteer. Ouers wat kundiges is op 'n sportgebied, mag betrokke raak (indien behoefte ontstaan) as buite-afrigters, maar mag nie aangewend word in die span waar sy/haar kinders betrokke is nie.

Die afrigters moet bevoeg wees vir hul taak en mag vergoed word uit die betrokke sport se begroting, mits daar voorsiening gemaak is in die begroting vir hulp-afrigters.

Die skoolhoof en adjunkhoof hanteer die vergoeding soos ooreengekom met die buite-afrigters. Kundige buite-afrigters moet voor die aanvang van 'n seisoen genader word om seker te maak hulle is beskikbaar vir afrigting. Alle reëls wat vir onderwysers geld, geld ook vir buite-afrigters.

1.5 PROEWE

Datums sal deur sporthoof en organiseerder bepaal word en sal op kwartaalprogram, nuusbrief en kommunikeerder aan ouers gekommunikeer word. ‘n Paneel sal aangewys word om proewe te hou en bewyse van keuses moet vir seisoen gebêre word, indien daar ‘n navraag is. In uitsonderlike gevalle waar spelers nie proewe kan bywoon nie, met geldige redes soos byvoorbeeld ander sportverpligtinge, siekte en dood in die familie, sal wel ‘n geleentheid op ‘n later stadium gegee word om geëvalueer te word soos gereël deur sportorganiseerder.

Indien ‘n nuwe speler by die skool ingeskryf word, moet sy ‘n regverdige kans gegun word om geëvalueer te word.

Na die proewe word die sterkste moontlike span gekies.

Die afrigter wat die betrokke 012- en 0/13 A –spanne afrig, besluit wie proewe toe gaan en nie die ouers of ander afrigters nie.

Die personeellid betrokke by span, moet die span/spelers vergesel na wyks- en distriksproewe. Tshwaneproewe en daarna is die speelsters se eie verantwoordelikheid.

1.6 SPANKEUSES

Spankeuses is uitsluitlik volgens die afrigter se diskresie, gekies op grond van meriete na afloop van proewe. ‘n Span kan op geen stadium as finaal of onveranderbaar beskou word nie, aangesien daar deurlopend veranderinge aangebring kan word, gebaseer op afrigters se oordeel, spelpatrone, taktiek en ontwikkeling. Afrigters hoef nie hul spankeuse aan enige buite persone te motiveer of regverdig nie.

Spanne sal gekies word binne die raamwerk van die beleid en is onderhewig aan die bepalings en doelwitte vir sport in die algemeen. A-span afrigters moet indien moontlik B-span wedstryde bywoon, om sodoende moontlike potensiaal te identifiseer.

Geen inmenging, hetsy deur manipulasie, intimidasie of enige ander vorm van inmenging van spankeuses deur ouers, buite persone, instansies of borge sal toegelaat word nie. Indien ‘n afrigter onseker is oor ‘n keuse van ‘n span, mag so ‘n afrigter opinies en/of insette van ander afrigters in die skool of die sportbestuur inwin. Indien daar enige onenigheid ontstaan aangaande spankeuses kan dit onder die aandag van die sportbestuur gebring word, waar indien nodig ‘n arbiter aangestel sal word om op te tree.

‘n Speler mag nie op dieselfde dag vir twee ouderdomsgroepe speel nie. Indien ‘n speler wat in Gr 7 is, maar nog 0/12 is, kwalifiseer vir ‘n eerste span, sal die paneel ‘n besluit neem om haar nie die geleentheid te ontneem van ‘n eerste span nie.

Geen 0/14 speler mag vir ’n A-span speel nie, wel vir die 0/13 B of C-span.

1.7 OUDERDOMSVERTEENWOORDIGING

1.7.1 Mini-netbal

0/7 – 0/9

1.7.2 Netbal

0/10 – 0/13 A-C

1.8 OUERBETROKKENHEID EN GEDRAG

Ouerbetrokkenheid en goeie gedrag gaan hand aan hand en is ononderhandelbaar by Louis Leipoldt.

Elke volwasse persoon betrokke se rol word beperk tot positiewe ondersteuning van die spelers in ‘n poging om ‘n liefde vir netbal te kweek en te ontwikkel. Ondersteuning verwys na fisiese- en emosionele ondersteuning, asook die positiewe voorbeeld van goeie sportmansgees. Opmerkings teenoor enige span moet altyd positief wees.

Vertrou die afrigters se oordeel en besluite en moet nie haar integriteit in twyfel trek nie.

Geen wangedrag deur enige volwasse persoon (ouers, afrigters, hulp-afrigters en instansies) sal geduld word nie en die nodige stappe sal teen so ‘n persoon geneem word.

Ouers is welkom om oefeninge as toeskouers buite die baan by te woon, maar mag nie betrokke raak of inmeng tydens oefeninge of wedstryde nie.

Ouers mag nie op baan kom tydens halftyd nie. Water moet vooraf langs die baan neergesit word.

1.9 BORGE

Dit staan enige afrigter vry om borge vir haar span te kry vir oefendrag. Die organiseerder moet te alle tye ingelig bly en deeglik kennis dra van die borge en die voorwaardes wat die borge stel.

Borge moet voorgelê word aan die hoof, adjunkhoof, sporthoof en organiseerder. Sou ’n ouer of onbetrokke party besluit om ’n span, met spesifikasies te borg, kan hy/sy aanspraak maak daarop dat die voorraad die speler se eiendom word, maar slegs na afloop van die seisoen. Indien spelers geborg word sonder spesifikasies, word die voorraad wat aangekoop is, die eiendom van die skool.

Geen span mag beter toegerus wees as die 0/13A span nie. Unieke baadjies is die voorreg van die eerste spanne, maar moet voorgelê word vir goedkeuring. Sakke, pette en *visors* moet wees soos deur skool voorsien met die opsie om borg so logo daarop aan te bring. Kleredrag moet volgens die skool se kleure geskied, met korrekte logo/wapen. Spanne mag met oefen T-hemde, pette of baadjies toegerus word wat slegs tydens oefeninge gedra mag word. Hulle mag ook met waterbottels toegerus word. Indien ander spanne borge ontvang vir sportsakke, pette en *visors* mag dit alleenlik by sportbyeenkomste gebruik word as die 0/13 A-span ook oor sportsakke beskik, anders mag dit slegs tydens oefeninge gebruik word.

NB: Geen spankeuses sal beïnvloed word deur enige borg wat ontvang is nie.

1.10 OEFENING

Daar moet gepoog word om so min as moontlik oefeninge af te stel. Oefening vind plaas op dae, tye en plekke soos voor die aanvang van ‘n seisoen deur die organiseerder en sporthoof in samewerking met die skoolhoof en adjunkhoof vasgestel.

Huidige oefentye is Maandae en Dinsdae (as daar nie wedstryde geskeduleer is nie) vanaf 13:45 en wedstryde vind plaas op Donderdae en sommige Dinsdae.

Spelers wat nie ‘n geskeduleerde oefening kan bywoon nie, moet persoonlik gedurende die dag sy verskoning aanbied by die betrokke afrigter. Sou die speler afwesig wees van skool op die spesifieke dag, moet ouers die skool telefonies in kennis stel.

Spelers wat nie ‘n verskoning aanbied nie, moet die volgende dag opgevolg word. Spelers wat sonder ‘n verskoning wegbly van oefeninge af, se saak sal op meriete hanteer word by die kies van spanne. Indien ‘n speler herhaaldelik, sonder ‘n geldige verskoning by oefening wegbly, kan sy gestraf word deur haar plek te verloor en vervang word met ‘n speler wat wel getrou oefening bywoon.

Geen speler sal weggewys word vanaf oefeninge nie. Sodanige speler sal nie noodwendig ‘n ander speler vervang om wedstrydgeleentheid te kry nie.

Enige ander oefentye is welkom, maar moet met die organiseerder gereël word en mag nie bots met ander spor-t/kultuuraktiwiteite wat reeds reëlings het nie. Geen addissionele oefening op Woensdae nie. ‘n Spelers mag nie gepenaliseer word indien sy nie ’n addissionele oefening kan bywoon nie.

Sou die behoefte daar wees, moet daar voor 10:00 die oggend besluit word of ‘n oefening gaan plaasvind en of dit afgestel gaan word. ‘n Besluit om ‘n oefening te kanselleer, word nie weer herroep nadat die afrigters, spelers en ouers van so ‘n besluit in kennis gestel is nie. Indien enigiemand se veiligheid op die spel is, moet die oefening onmiddellik gestaak word.

Indien ‘n oefening voor 10:00 afgestel word, is dit die sporthoof se verantwoordelikheid om toe te sien dat spelers se ouers in kennis gestel word met die nodige verandering van reëlings. Indien ‘n oefening na 10:00 afgestel word, sal inligting steeds deurgegee word na die ouers, maar die afrigter is verantwoordelik vir die toesig van die spelers tydens die geskeduleerde oefentyd. Dieselfde reëling geld as ‘n oefening gestaak moet word voor die einde van die oefentyd.

1.11 WEDSTRYDE

Aan die begin van die seisoen, sal pligstate deur die organiseerder opgestel word en aan elke afrigter beskikbaar gestel word.

Die organiseerder gee behoeftes vir tuiswedstryde aan sporthoof deur wat dit weer op haar beurt aan die terreinbestuurder deurgee wat verantwoordelik is vir die voorbereiding van die velde. Al die afrigters help met opruiming.

Spelers mag reeds 2de pouse verklee, mits dit vir ‘n wegwedstryd is of indien hul in die eerste tuiswedstryd direk na skool betrokke is.

1.12 KENNISGEWINGS

Inligting rondom oefentye, oefenplekke, oefendae en wedstrydbepalings word met die aanvang van elke seisoen so volledig moontlik per skrywe, asook gedurende ‘n inligtingsessie aan die ouers deurgegee.

Finale inligting rondom wedstrydbepalings, vervoerreëlings, tye, ens. moet een week voor wedstryde aan spelers en ouers deurgegee word.

1.13 SPORTDRAG, TOERUSTING EN FASILITEITE

Korrekte sportdrag moet deur afrigters en spelers gedra word tydens oefeninge en wedstryde. Die spelers (0/7 – 0/13B) speel wedstryde met die skool se klere, behalwe die 0/13A-span speel met hulle eie unieke speeldrag. Hierdie klere moet egter die kleure van die skool vervat.

Klere word aan begin van seisoen by skool gehuur teen ’n vasgestelde bedrag. Sokkies word gekoop en bly die speler se eiendom. Indien die klere aan die einde van die seisoen in ’n goeie toestand terugbesorg word, word ’n deposito aan spelers terugbetaal.

Spanne moet ten alle tye, op en van die veld af, korrek en netjies geklee wees. Indien die klere deur die speler beskadig word, sal die speler verantwoordelik gehou word om die klere te vervang.

Prosedures en voorskrifte moet gevolg word vir goedkeuring vir enige wysigings of afwykings van wedstryd sportdrag. Hierdie goedkeuring moet verkry word vanaf hoof, adjunkhoof, sporthoof en organiseerder en dan aan die beheerliggaam voorgelê word.

Die nodige apparaat word deur die skool voorsien. Indien enige span van die apparaat tydens die seisoen laat wegraak, sal dit deur die genoemde span vervang moet word.

Daar moet jaarliks na nuwe voorraad en toerusting gekyk word wat netbal in die skool sal bevorder.

Geen voorraad of toerusting sal aangekoop word indien daar nie voorsiening gemaak is vir dit in die jaarlikse begroting nie.

‘n Volledige inventaris van toerusting en voorraad moet na afloop van elke seisoen voltooi en ingehandig word by die sporthoof wat weer ‘n afskrif aan die adjunkhoof en administatiewe persoon sal gee.

Elke afrigter ontvang haar eie sak met die nodige apparaat vir die seisoen. Die uitgedeelde apparaat bly die afrigter se verantwoordelikheid.

Daar sal ’n voorraad lys saam met die apparaat aan die afrigters gestuur word, waarby daar geteken word en aan die einde van die seisoen sal die apparaat weer gekontroleer word en as dit reg ontvang is, sal dit afgeteken word.

1.14 NOODHULP

Tydens interne skoolproewe, moet daar altyd noodhulp op bystand wees. Afrigters moet tydens oefening toegang hê tot die skool se noodhulp toerusting.

Geen tuiswedstryd mag afskop sonder gekwalifiseerde noodhulpdienste op die terrein nie. In geval van ‘n besering word die situasie deur die betrokke afrigter hanteer. Na afloop van wedstryde moet

die afrigter ernstiger beserings met die ouers opvolg en die nodige ondersteuning aan die speler bied.

1.15 TOERE, KLINIEKE, KAMPE EN/OF UITSTAPPIES

Toere, klinieke, kampe en/of uitstappies moet volgens voorskrifte by die departement geregistreer word soos bepaal deur die Sport- en Opvoedkundige Toerbeleid. Alle toere, klinieke, kampeen/of uitstappies buite Gauteng se grense, waar oorgeslaap word, moet 3 maande voor die tyd by die departement ingehandig word vir goedkeuring.

Toere, klinieke en kampe sal goedgekeur word in oorlegpleging deur hoof, adjunkhoof en sporthoof

Ten tye van toere, klinieke, kampe en/of uitstappies is afrigters te alle tye verantwoordelik vir die veiligheid en geborgenheid van die spelers.

Afrigters word aangemoedig om klinieke met hulle spanne by te woon. A- en B-spanne woon klinieke by. Waar moontlik kan C-spanne ook betrek word. Kyk toerbeleid ten opsigte van reëlings.

Net 0/13A en –B-span speelsters mag op ‘n moontlike toer gaan.

1.16 KLAGTES EN PROSEDURES

Enige klagte rakende ’n Louis Leipoldt speler op die sportveld moet met die betrokke afrigter bespreek word. Sulke klagtes sal na die organiseerder, sporthoof, adjunkhoof en skoolhoof deurgegee word.

Klagtes moet so spoedig moontlik gekanaliseer word sodat uitsluitsel gegee kan word. Indien daar klagtes is aangaande afrigters moet dit direk na die skoolhoof verwys word. Sit klagtes op skrif indien ‘n formele antwoord verlang word.

1.17 VERVOER EN VEILIGHEID

Afrigters wat spelers vervoer moet oor ‘n geldige openbare bestuurspermit beskik. Dit moet so veilig moontlik geskied en so ‘n afrigter, indien daar nie personeel is wat busdiens doen nie, is verantwoordelik vir die spelers vanaf die oomblik wat die voertuig die skoolgronde verlaat tot die oomblik wat die voertuig terug is by die skool en die spelers terugbesorg is aan die ouers.

Afrigters moet altyd hul spanne vergesel na byeenkomste.

Skoolbussies moet ‘n week voor die tyd by die sporthoof bespreek word deur die organiseerder sodra datums en bepalings bekend is. Indien afrigters van privaat vervoer gebruik maak, moet die ouers skriftelik toestemming gee. Ouers wat help met vervoer moet deeglik ingelig word dat hulle spelers net van die skool na die sportbyeenkoms en dadelik terug na die skool mag vervoer. Departementele vrywaringsvorms moet vir die seisoen ingevul word, asook busbriefies elke week.

1.18 DISSIPLINE

‘n Span (afrigters en spelers) moet ‘n skeidsregter se beslissings aanvaar

Die afrigter is ten alle tye verantwoordelik vir sy span se dissipline en gedrag op en van die veld af.

Goeie sportmangees word ten alle tye van alle afrigters verwag.

1.19 TAKE, PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

1.19.1 Organiseerder

Hierdie persoon is -

In beheer van alle administratiewe reëlings

Organisering en netbalfunksie.

Reël van wedstryde en klinieke in samewerking met sporthoof.

Aankoop en beheer van apparaat en balle in samewerking met die sporthoof.

Netbaldrag en afrigters kleredrag

Hanteer probleme van afrigters, skeidsregters, ouers en speelsters.

Alle besluitneming deur afrigters moet eers aan organiseerder voorgelê word.

Al bogenoemde geskied in samewerking met sporthoof, adjunkhoof en skoolhoof.

1.19.2 Skeidsregters

Dit word van elke skeidsregter, wat wedstryde hanteer, verwag om haar te laat gradeer en as sy reeds in besit is van ‘n gradering, haar weer te laat gradeer in ‘n poging om ‘n hoër gradering te bekom. Skeidsregters se kleredrag moet altyd in ooreenstemming met aktiwiteit wees.

Indien dit enigsins moontlik is, moet A-span afrigters (spesifiek 0/12 en 0/13) nie vir hulle eie spanne skeidsreg nie.

Onpartydige skeidsregters word voor aanvang van seisoen vir 0/12- en 0/13A-spanne aangevra. Indien beide skole daartoe instem, moet die skool wat dit aanvra, die voorgeskrewe vorm voltooi wat vooraf deur die distrik beskikbaar gestel word. Beide skole betaal ‘n skeidsregtersfooi van 1 X R250,00 vir die skeidsregter wat wedstryd haanteer, wat voor aanvang van wedstryd op baan aan skeidsregter oorhandig word.

Tydens verdere uitspeelwedstryde word ook van onpartydige skeidsregters gebruik gemaak wat deur distrik aangewys word. ‘n Fooi van 1 X R200,00 word per wedstryd deur betrokke skole aan die skeidsregters betaal.

1.19.3 Busdiens

Tydens wegwedstryde is twee afrigters op busdiens. Hulle moet baie seker maak al die betrokke speelsters is op die bus voordat daar vertrek word. Alle busstrokies moet na busdienspersoneel gaan wat weer organiseerder/sporthoof van getalle verwittig. Hulle moet ook aan die einde by skool bly totdat laaste speelster huis toe is. Ouers moet stiptelik by afhaaltye van speelsters bly.

Afrigters van die betrokke spanne moet self die spelers tel voor hulle die spelers stuur om op die bus te klim

1.20 MINI-NETBAL (0/7 – 0/9)

Speelsters (0/7 - 0/9) roteer tydens wedstryde volgens ‘n stelsel sodat blootstelling aan alle posisies verleen word. Uitslae word nie in berekening gebring nie.

1.21 AFSLUITINGSFUNKSIE

Daar gaan aan die einde van ‘n seisoen ‘n afsluitingsfunksie saam met die rugby gehou word. Die formaat van die funksie sal jaarliks bepaal word deur die organiseerder. Met betrekking tot hierdie funksie sal pligstate deur die organiseerder opgestel word en aan elke afrigter gegee word.

1.22 SPORT MERIETEFUNKSIE

Daar word aan die einde van die jaar tydens die sport merietefunksie ‘n speler van die jaar aangewys. Dit word bepaal volgens die beste speler en/of die hoogste prestasie wat die dogter deur die loop van die seisoen behaal het, asook beste 0/9 speelster. Hierdie dogter word deur ‘n paneel aangewys wat bestaan uit die hoof, adjunkhoof, die sporthoof, organiseerder en die betrokke afrigter. Erkenning word gegee aan spanne wat ligawenners is, asook alle spelers wat netbal op provinsiale of nasionale vlak verteenwoordig het. Spanne wat deurdring na verdere uitspeelwedstryde en ‘n eerste of tweede plek behaal, sal ook erkenning kry.

Indien spelers provinsiale- of nasionale kleure vir ‘n klub gekry het, sal hulle soos ‘n klubsport erkenning kry en ‘n meriete sertifikaat ontvang.

1.22.1 **Algehele beste netbalspeelster**

Na afloop van elke wedstryd bepaal die afrigter in samewerking met aangewysde afrigters wie as die beste speelster vir daardie wedstryd aangewys sal word. Dit vergemaklik die aanwys van die algehele beste speelster per span tydens die netbalfunksie - die speler wat deurgaans die beste gespeel het tydens elke wedstryd.

Indien al die speelsters tot dieselfde vlak gepresteer het, kry die 0/13A speelster voorkeur bo die ander ouderdomme wanneer die algehele beste netbalspeelster bepaal word.

Indien ‘n speelster van ‘n ander span verder as die Tshwanespan gevorder het, kry sy voorkeur bo die 0/13A speelster wat geen prestasie behaal het nie.

Omdat proewe plaasvind nog voordat die seisoen begin het, is wyks- en distrikspan nie altyd bepalend by aanwys van beste speelster nie.